



NEWSLETTER

KWARTAAL 1 • TERM 1

2026



Participation in Flashes 2026 was more popular than ever before! In fact, the excitement around Flashes was so great that there was barely any space left on the pavilion for the Grade 8s to book a seat. Flashes practices are well known for being intense, demanding and full of energy, and this year our senior learners showed just how committed they were. On the day of Gemstones, many of them rushed to the Activity Centre to secure their spot on the squad and become part of this special Stellenberg tradition.

Die nuwe onderwysersgroep was net so opgewonde om saam met die leerders te begin werk aan vanjaar se ingewikkelde tema: Local is lekker. Vir 'n hele Saterdag het die Gees-leerders wat tydens Gemstones gekies is, saam met die onderwysers gewerk om die liedjie te skryf wat die span tydens die kompetisie sou sing. Die kreatiewe proses was vol idees, lag en baie patriotisme. Liedjies soos "Shosholoza" het vinnig gunsteling geword en het die hele span herinner hoe trots ons is om Suid-Afrikaners te wees en deel te wees van 'n skool met so 'n sterk geestradisie.

Many hours of practice followed. The squad spent long afternoons perfecting every movement — singing, standing,

opening, closing, sitting and standing again — until every transition and every note worked together perfectly. Through these practices, the Flashes squad did not only learn choreography and songs; they also built strong friendships and discovered the value of teamwork, discipline, and perseverance. These are lessons that go far beyond the classroom.

Ons Flashes-span het ook geleer dat ware sportmanskap nie net oor wen gaan nie. Een van die belangrikste lesse vir ons skool vanjaar was om die wenbeker — waarvoor almal so hard gewerk het — met waardigheid oor te gee aan die DF Akademie Flashes-span. Alhoewel die teleurstelling groot was, het ons leerders gewys dat trots, respek en spanwerk altyd belangriker is as die uitslag.

We are incredibly proud of every learner who committed their time, energy and heart to Flashes this year. The experience created memories, friendships, and school spirit that will last far beyond 2026.

Ons sien reeds met groot opgewondenheid uit na wat volgende jaar vir Flashes inhou!



DTBS



Hoërskool
STELLENBERG
High School



GEMSTONES

The fantastic Matric Class of 2026 began showing their true spirit as early as 2025 when a large group of learners eagerly applied to be part of the Gemstones cheerleading team. The application process was no small challenge. Learners completed shadow shifts to help raise funds for Gees activities and spent many hours practising school compilations, chants and dances. Their dedication and enthusiasm for school spirit were clear from the start.

24 dinamiese leerders met 'n uitstekende konneksie met hul graadgroep en 'n fantastiese “beat” vir musiek is uiteindelik gekies as die Gemstones spanleiers. Hierdie leerders het 'n belangrike rol gespeel om die nuwe graad 8's vinnig deel van die Stellenberg-gees te laat voel. Hulle het spesiale sessies aangebied waar hulle die graad 8's bekendgestel het aan ons skoolkrete, liedere en tradisies. Daarna het hulle net twee geleenthede gehad om die hele skool hulle unieke liedere en bewegings te leer wat gebruik sou word om hulle atletiekgroepe op die dag van Gemstones – ons kleuresportdag – met energie en trots te lei.

Each Gemstones team brought their own creativity and excitement to the day. Kajsa, Kirsten, Uyolo, Anandi, Emily, Jaryd and Juan led the Ruby team, lighting up the pavilion in their striking red outfits. Their theme of lifeguards brought a fun beach atmosphere to the stands, and their teamwork and enthusiasm quickly spread through their group. The pride they showed in their school was inspiring to watch.

Die Emerald Army het behoorlik die skare aan die beweeg gekry met hul energieke dans en kreatiewe vertoning. Kara, Suné, Nicola, Chané, Jade, Mulalo, Marko en Simanye het hul groep met trots gelei en uiteindelik die Intro-prys gewen met hul ware “showstopper” oomblik. Hul optrede het bewys hoeveel harde werk en oefening agter die skerms plaasgevind het.

The Sapphire team also had the crowd roaring with excitement when Marnus, Lyanda, Marna, Chloe, Carli, Keisha, Kylie and Larysa entered the field with their adventurous “Mission Sapphire” theme. Their dramatic entrance, strong voices and energetic cheering created a moment that many learners will remember for a long time.

Aan die einde van die dag het nog 'n belangrike oomblik gewag. Die moeilike besluit moes geneem word oor agt leerders wat die skool sou verteenwoordig in die DTBS Flashes-kompetisie. Toe die name aangekondig word, was die atmosfeer gevul met 'n mengsel van emosies – trots, opgewondenheid en natuurlik ook 'n bietjie teleurstelling vir sommige. Wat egter werklik uitgestaan het, was die manier waarop die graad 12-groep mekaar ondersteun het. Vriende het mekaar gelukgewens, drukkies gegee en herinner dat Gemstones altyd oor spanwerk en skooltrots gaan.

Gemstones 2026 was 'n dag vol energie, kreatiwiteit en Stellenberg-gees, en ons is ongelooflik trots op elke leerder wat hul tyd, talent en hart in hierdie tradisie ingesit het. Ons sien uit na nog baie oomblikke van gees, trots en samewerking deur die jaar!



Akademiese pluimpie

Hoërskool Stellenberg word vereër!

Op 6 Februarie 2026 is die toppresterende Afrikaanse skole (waar minstens 15 kandidate Afrikaans Huistaal neem) na die jaarlikse SOS-toekennings genooi. Die Skoleondersteuningsentrum (SOS) vereër Afrikaanse skole met uitnemende uitslae in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen. By hierdie geleentheid het ons skoolhoof, mev. Havinga, die volgende toekennings in ontvangs geneem:

Eretoekening: Top 20-skool vir 'n uitsonderlike prestasie vir die totale aantal onderskeidings in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen 2025 in die volgende vakke:

VAK:	Aantal onderskeidings Posisie
AFRIKAANS HUISTAAL	8ste (92 onderskeidings)
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL	17de (52 onderskeidings)
WISKUNDE	14de (31 onderskeidings)
REKENINGKUNDE	11de (28 onderskeidings)
INGENIEURSGRAFIKA EN - ONTWERP	3de (29 onderskeidings)
FISIESE WETENSKAPPE	12de (23 onderskeidings)
INLIGTINGSTEGNOLOGIE	11de (16 onderskeidings)

Hoërskool Stellenberg beklee ook die algehele 9de posisie met die 605 onderskeidings wat ons behaal het. Weereens geluk aan ons 2025-matriekleeders, ons onderwysers en ouers – dit was inderdaad 'n spanpoging!

Hierdie is deel van die ranglys van die top 300 skole (volgens die aantal onderskeidings per kandidaat per vak) in die 2025 NSS-eksamen. In die geval waar daar nie 300 skole vir die betrokke vak is nie, is alle skole wat aan die vereistes voldoen, ingesluit. Slegs skole met meer as 15 kandidate en minstens één onderskeiding in die vak, is ingesluit. Afrikaanse skole (waar minstens 15 kandidate Afrikaans Huistaal neem) is in vetdruk aangedui.



MATRIC JACKETS

Grade 12s Celebrate – Matric Jackets

There was excitement in the air as the Grade 12 learners officially received their matric jackets—one of the most anticipated traditions of their final school year. The handover marked not only a symbolic step into their last months of high school, but also a celebration of the hard work, determination, and school spirit that have carried them to this point.

Hierdie baadjie dien as herinnering aan hoe ver hul reeds gekom het en die nalatenskap wat hul agterlaat. Mag julle hierdie baadjies met trots dra, graad 12's van 2026!



12A1



12A2



12A3



12A4



12A5



12B

MATRIC JACKETS



FOTOGRAFIEKLUB

Die talente van ons skool se span fotograwe bereik hierdie jaar nuwe hoogtes terwyl hulle aan uitnemende portefeuljies vir hul eie professionele toekoms bou.

The photography team has grown in confidence and proudly represents the school at a wide range of functions and sporting events. Through our work, we capture memorable moments and share them on the school's social media platforms, preserving the special experiences that take place across the school grounds and might otherwise go unnoticed.

Die Eistedfodd inskrywingsproses het reeds begin, en ons sien uit daarna om voort te bou op verlede jaar se goeie uitslae .

We began the year with a basic workshop to help our new members get started. Our first themed meeting, "My Stellenberg," was held in support of the Stellies Got Talent competition and was assessed by our very own Ms Fourie from the Mathematics Department. Our next theme is nature photography, which will be assessed by a by a local professional photographer.

Ons sien uit na 'n opwindende jaar. Twee projekte waaraan ons tans beplan is die uitbreiding van ons uniform om ons fotografiespan se amptelike dekking van wintersportdae moontlik te maak, en 'n uitstappie na die Motor Museum waar ons met nagligfotografie kan eksperimenteer.



TEAMWORKS MAKES THE DREAM WORK - ANJA COOK



FRONT ROW. NO MATTER THE SIZE - INGE WILLIAMS



SKY-HIGH TRUST - CHRISTINA COETZEE

cooladeas

INTERNET SERVICE PROVIDER



Building Excellence. Delivering trust

From Concept to Completion
-Quality You Can See



Driven by Expertise . Powered by People
Proudly Supporting Local Talent & Community
Growth

ABOUT US

At Mygaworx, we bring over 130 years of combined expertise to every project.

From residential builds to large-scale commercial developments, our team delivers precision, innovation, and uncompromising quality.

We manage every stage - From planning to handover - ensuring your vision becomes reality.

- Construction
- Project Management
- Property Development

Swimming A-League Success

Baie geluk aan al ons swemmers wat aan die A-Liga deelgeneem het! Julle toewyding, dissipline en harde werk het beslis vrugte afgewerp. 'n Spesiale woord van dank aan ons kapteine, Luan Terblanche en Christi Serfontein, vir hul leiding.

- Stellenberg se dogterspan het 6de uit 10 skole geëindig.
- Stellenberg se seunspan het 'n uitstekende 3de plek uit 10 skole behaal.
- Stellenberg High School finished 2nd overall among the Co-Ed schools.

We are incredibly proud of each swimmer for representing our school with determination, teamwork, and sportsmanship. Keep pushing, keep believing, and keep swimming — the best is yet to come!

Baie dankie aan Van Biljon Barnardo Architects vir die borg van ons A-liga t-hemde. Dit word opreg waardeer.



Ons is ongelooflik trots om

Luan Terblanche

se prestasie te vier!

Luan het op 8 Februarie aan die aQuellé Midmar Mile deelgeneem en homself uitstekend van sy taak gekwyd in die Elite-resies vir die mans-ouderdomsgroep 14–30 jaar. Met 795 inskrywings in dié ouderdomsgroep het Luan 'n uitsonderlike 9de plek behaal — 'n ware bewys van harde werk, deursettingsvermoë en talent.

Baie geluk, Luan! Ons is ongelooflik trots op jou en sien uit na nog vele suksesse.



SWEM

Well done, *Aqeelah!*

We are incredibly proud of Aqeelah Williams, who was invited to compete at the APNL Swimming Gala in Angola from 23–25 January 2026, participating in both pool and open-water events.

Aqeelah delivered an outstanding performance, earning gold medals in the following events:

- 400m Freestyle
- 200m Individual Medley
- 200m Breaststroke
- 200m Backstroke
- 200m Butterfly

Sy het ook silwermedaljes in die volgende items verower:

- 100m Vlinderslag (Butterfly)
- 50m Vlinderslag
- 4 × 100m Vryslagaflos (Freestyle Relay)
- 4 × 100m Wisselslagaflos (Individual Medley Relay)

Adding to her remarkable achievements, Aqeelah claimed gold in the 5 km open-water swim, finishing first overall among both boys and girls.

Congratulations, Aqeelah! Your dedication, discipline, and talent continue to make Stellenberg High School extremely proud.

Congratulations!!



TENNIS

WP-Tennis Interpro:

Vier tennisspelers het aan die Interpro-tennistoernooi in Pretoria deelgeneem. Die CT Interpro-span, van links, is Justin Adams (seuns o.15), Antonio Filippi (seuns o.19), Stefan van Eyk (seuns o.15) en Ané Bowman (dogters o.15).

We are incredibly proud of these players, as only the top six WP players in each age group are invited to participate in this tournament.



WP-Tennis:

A total of 11 Western Province players represented the school at the Synergy cup. Their dedication, teamwork and sporting spirit were truly outstanding.

Agter van links na regs: Carla Combrinck, Hannah Richens, Josie Britz, Elen Sohnge, Ané Bowman

Voor van links na regs: Stefan van Eyk, Francois Hugo, Daniel Visagie, Anré Burger en Preston Adams. Afwesig: Liza Wessels

David Samaai Tennistoernooi 2025

Hoërskool Stellenberg se 0/15 seunspan het aan die David Samaai 0/15 tennistoernooi by Boishaai deelgeneem en algeheel 3de uit 8 spanne geëindig. Stellenberg is baie trots op die seuns wat teen sterk kompetisie geseëvier het.

Final Results:

1. Paul Roos Gymnasium
2. Paarl Boys' High A
3. Stellenberg High School
4. Paarl Gimnasium A
5. Diamantveld High School
6. Paarl Boys' High A
7. Stellenbosch High School
8. Paarl Gimnasium B



Agter van links na regs: Dirco Odendaal, Anré Burger, Eben Engelbrecht

Voor van links na regs: Stefan van Eyk, Justin Adams, Werner Botha (afripter), Preston Adams en Tiaan van Tubbergh.

TENNIS

CR van der Merwe tennistoernooi:

Hoërskool Stellenberg is ongelooflik trots op al ons spelers wat aan die CR van der Merwe-tennisttoernooi deelgeneem het. Beide die seun- én die dogterspan het uitstekend gevaar en 'n 4de plek behaal. Ons maak graag spesiale vermelding van Stefan van Eyk, wat vir sy uitmuntende optrede die toernooi se Sportmangees-toekenning ontvang het.

Agter van links na regs: Antonio Filippi, Justin Adams, Anré Burger, Stefan van Eyk, Tiaan van Tubbergh. Voor van links na regs: Ané Bowman, Lene Malan, Hannah Richens, Josie Britz en Elen Sohnge.



Superliga:

Stellenberg se 1ste span seuns en dogters het uitmuntend gevaar in die liga hierdie seisoen.

- Die seuns het 'n merkwaardige 1ste plek behaal.
- Die dogters het uitstekend kompeteer en 'n sterk 3de plek verower.

Ons is ongelooflik trots op elke speler en die hele afrigtingspan. Julle harde werk en toewyding wys!

Seuns	Dogters
Verloor Wynberg Boys 8-4	Wen St Cyprians 8-6
Wen Reddam Constantia 8-4	Verloor Durbanville 10-2
Wen Bellville 8-4	Wen Curro Durbanville 8-4
Wen Somerset College 8-4	Wen Herschel 10-2
Wen Curro Durbanville 12-0	Wen Somerset College 8-4
Wen SACS 10-2	Verloor Rustenburg 10-2
Wen Bishops 10-2	Wen DF Akademie 10-2
Wen DF Akademie 10-2	
Wen Rondebosch 10-2	
Wen Durbanville 10-2	



Multi-Purpose Centre



LEERDERPARTYTJIE 2026





MPC *Grand Opening 2026*



Mathematics and Science Resources

Everything you need to *Succeed* in your studies!

At a price of only: R330!!

- ✓ Flashcards
- ✓ Theory Book
- ✓ Exam Papers

www.wenwetenskap.co.za

SAY Hello TO TUTORHIVE

A CAPE TOWN BASED TUTORING NETWORK
HELPING LEARNERS GROW IN CONFIDENCE,
SKILL AND ACADEMIC PERFORMANCE

@TUTORHIVE WWW.TUTORHIVE.CO.ZA 2026

RenR

Wiskunde Klasse

Groepies van 6 leerders | Gr 8 - 12

☎ 082 921 4556 • 084 261 2552

www.renrwiskunde.co.za
info@renrwiskunde.co.za



Save money
Refill any container

Oasis Water Stellenberg
(021) 380 - 0315
bellville@oasiswater.co.za
Corner of Mountain View Road &
Springfontein Street, Amanda Glen

water for living better



**EKSTRA KLASSE EN EKSAMEN
VOORBEREIDING (GR 10-12)
Met Juf. Hantie Rust**

**MEER AS 25 JAAR SE
ONDERWYS
ONDERVINDING**

- ✓ Wiskundige geletterdheid
- ✓ Besigheidstudies
- ✓ Verbruikerstudies

KONTAK
072 1877 585
hantierust@gmail.com

LIGGING
Durbanville

Maths & Physical Science Tuition

Durbanville | 021 975 2845
Brackenfell | 021 982 8145

ARE YOU INTERESTED IN ADVERTISING IN OUR NEWSLETTER?
Please contact Mrs Pieters at pieters@stellenberg.org.za

DISCLAIMER: Articles submitted for publication in this newsletter are the responsibility of individuals heading up their specific sport or department. All articles that are received by the deadline date for copying are included in the publication.